


'Mag die God van hoop julle deur julle geloof met alle blydskap en vrede vervul, sodat julle hoop oorvloedig kan word deur die krag van die Heilige Gees. Romeine15:13

# Maandelikse Bybel Bespreking

## Hierdie tyd van die jaar

Hierdie tyd van die jaar is vir my altyd 'n tyd van paradokse: Twee sake wat soos uiterstes voorkom, is tegelyk teenwoordig én geldig. Die tradisionele kerse van die Advent-krans beeld dit eintlik uit: drie pers kerse (vir die donker of boetedoening) en een pienk kers (vir die lig en vir vreugde). Al vier, elkeen op 'n Sondag van Advent aangesteek, verteenwoordig die reis na die wit kers – die Christus-kers.

Hierdie tyd van die jaar handel nie net oor vreugde nie. Trouens, die verskillende tipes verlies wat ons in die gesig staar, is gedurende hierdie tydperk meer sigbaar. Daarom is dit 'n tyd van die jaar wanneer ek dikwels oor die dood nadink – miskien juis ook omdat die Christelike liturgiese kalender voorsiening daarvoor maak dat ons te midde van die siklus van lewe, ook oor die dood nadink. Dit gebeur tradisioneel op Ewigheidsondag wat dikwels plaasvind op die Sondag net voor die eerste Sondag van Advent.

Hierdie tyd van die jaar is ons geneig om die mensheid te verdeel in dié wat "het" en dié wat "nie het nie". Ons kry – vir 'n oomblik, soms uit dankbaarheid, soms uit momentele skuldgevoelens – hulle wat volgens ons "nie het nie", jammer, en vir 'n oomblik probeer ons die saak beredder. Dit is egter vlietend en dit ontken die werklikheid van die teenstrydigheid van ons *almal* se bestaan: die ligkant en die skadukant. Die een is nie beter of slegter as die ander nie – beide lig en donker, lewe en dood, ís. Dit is die groot gelykmaker tussen ons almal.

Hierdie tyd van die jaar, veral gegewe die implikasie van die Advent-simboliek, is juis 'n tyd vir balans, vir aanvaarding, en vir die toe-eiening van die misterie van ons bestaan, waarop ons nie aldag antwoorde het nie. Dit bied vir ons die ruimte om na mekaar uit te reik, mekaar in al ons gebrokenheid werklik raak te sien, en mekaar te ontmoet in die verskeidenheid van ons omstandighede en identiteite. Dit is soos die bekroonde teoloog Denise Ackermann in haar boek *Surprised by the Man on the Borrowed Donkey geskryf het: Blessed are those who embrace contradiction, for they will find promise in paradox.*

Geseënd is dié wat die lewe se teenstrydigheid, veral hierdie tyd van die jaar, tegemoet gaan, want in daardie teenstrydigheid vind hulle die belofte van die Een wat nêrens behoort het nie, en vir almal 'n tuiste geword het.

*Met erkenning: Gedeelte geneem uit skryf-stuk van Prof Tanya van Wyk getiteld: Oor "hierdie tyd van die jaar": Advent se lig en donker, lewe en dood – Gaan lees gerus die hele gedeelte.*

Andrè

# Tema vir die Maand

## Hoop en Vreugde in Christus

Desember bring ons by ’n kosbare ritme in die kerkjaar: Advent — ’n seisoen van wag, hoop en lig. Die vier kerse van die Advent-krans wys vir ons die pad: drie pers kerse vir die donker, vir soeke en boetedoening… en dan die pienk kers, die kers van vreugde. Elke kers bring ons ’n tree nader aan die wit Christus-kers — ’n herinnering dat God Hómself aan ons gee.

Romeine 15:13 beskryf dit so mooi: *“Mag die God van hoop julle vervul met alle vreugde en vrede omdat julle glo.”.* Ware hoop is nie ’n gevoel of ’n optimistiese wens nie — dit is ’n Persoon. Christus ís ons hoop. In Hom ontvang ons ’n vreugde wat omstandighede nie kan wegneem nie; ’n lig wat die donkerte nie kan oorweldig nie.

Vir baie in ons gemeente was Oktober en November swaar en donker maande. Baie het geliefdes aan die dood afgestaan. Mag Prof Tanya van Wyk se woorde ook vir julle troos bring: *“Die dood funksioneer soos ’n raam of venster — dit gee perspektief en afronding aan die skildery en lig wat deur die venster gelaat word.”.* In ons Christen geloof is lewe nie ’n eindelose en herhalende sirkelgang nie. Lewe, geloof, dood, opstanding is ‘n ritme van ons bestaan waardeur God se Lig skyn.

Soos Maria, die engele, die herders en die sterrekykers, het ons ook ’n reaksie op God se groot Aksie en Geskenk: om in Christus vas te hou, om draers van hoop te wees vir mekaar, en om as ’n netwerk van liefde, ondersteuning en groei saam te leef.

Mag hierdie Advent vir jou en jou huisgesin Hoop en Vreugde in Christus bring.

’n Geseënde Kersfees in Jesus Christus, ons Verlosser.
Andre

## IN HIERDIE UITGAWE

SOUT HAPPIE SENSASIE
KERSSANGDIENS
DANKIE AAN AL ONS ‘VOLUNTEERS’
DANKGEBED VIR KERSFEES
‘N JAAR IS BYNA VERBY.....
JUNIOR VASVRA
VREUGDE VAN KERSFEES
KONTAK ONS



Manne julle word hartlik uitgenooi na
die Manne Ontbyt
6 Desember
09:00

**Die plan is eenvoudig -**
**Ontbyt, koffie, en goeie geselskap.**
**Plek: Hillfield Farm, Shirley - B90 4GT**
**Soos altyd, bring jy net jou eie fondse-**
**Koop jou eie ontbyt en ons kuier lekker.**

#1 netwerk
VIR JOU LEWE

# Dankie aan al ons 'Volunteers'








Dis lekker om aan die einde van die jaar vir almal wat moue oprol, die wat stil agter die skerm 'n verskil maak, en die wat met liefde en toewyding help, dankie te sê!
Ons waardeer julle!


















# #1 network VIR JOU LEWE

## Dankie aan al ons 'Volunteers'














Eduard kom vertel waarom elke Tiener die Tiener Naweek moet bywoon!
Dit klink voorwaar of dit vir jou 'n heerlike Naweek was!



#1 network VIR JOU LEWE

# Kerssangdiens








**Baie dankie Anette McLean vir ons pragtige Kerskaartjie!**





Goud, wierook en mirre











Wyse manne



#1 network
VIR JOU LEWE

# Kerssangdiens















# Kerssangdiens















Noël



Kom alle getroues





# Kerssangdiens










Away in a manger...





Baie dankie vir al die mooi tafels, Dames!
Alles was keurig en fyn...









# Kerssangdiens







Dankie Sunel en Nathan vir die musiek

en begeleiding.


















Baie dankie Hennie

vir die heerlike ete.










#1 network
VIR JOU LEWE

# Kerssangdiens












MERRY CHRISTMAS




(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • DESEMBER 2025

# Dankgebed vir Kersfees

Erkenning: Jaco Thom - Bybelkoerant

Ons dank U, Jesus Christus, dat U by ons is, al die dae van ons lewe.

Dankie dat U by ons is

- as ons bly is, om saam met ons te juig
- as ons vrolik is, om saam met ons te lag
- as ons hartseer is, om saam met ons te ween
- as ons gespanne is, om die senuwees te kalmeer
- as ons raadop is, om die regte pad te wys
- as ons in versoekings kom, om ons te help stry teen die duiwel en sy liste
- as ons eensaam is, om ons te laat verstaan ons is nie alleen nie
- as ons ontredderd is, dat ons kan weet daar is Iemand wat verstaan
- as ons moeg is, om nuwe krag te gee
- as ons in ons sondenood vasgevang is, om ons van sonde te verlos.

Dankie dat U vir ons geword het: Immanuel, God by ons.
Amen.

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •DESEMBER 2025

# ‘n Jaar is byna verby

Erkenning: God se genade is groot –Facebook blad

‘n Grondpad jaar…

Daar was dae wat ons die mooiste uitsig gehad het en dan was daar dae wat ons kaalvoet oor die klippies moes hardloop om net op ‘n beter plek te kom as gister… soms op ons knieë geval omdat ons net nie kans gesien het om verder te loop nie.

Dan was daar dae waar ons rustig kon loop sonder omkyk of omdraai.. ons het wel die mooiste blommetjies in die veld gepluk, van hulle het ons oppad verloor maar dis okay… daar was dorings wat ons vele kere gesteek het  maar dis ook okay…

Dit was ‘n lang pad, soms sonder water, soms sonder suurstof, soms met geskeurde skoene maar dit was n goeie pad…

***Iets geleer? Absoluut!***

* Dat niemand die pad vir jou kan stap nie maar wel net saam met jou…
* Dat niemand jou gelukkig kan maak as jy nie self gelukkig is nie…
* Dat niemand jou tas vir jou gaan sorteer nie…
* Dat min mense jou enduit gaan help…
* Dat beloftes soms leë woorde is…
* Dat opgee nooit n opsie is nie…
* Dat mens soms net moet sit en rustig word en dankie sê…
* Dat mens net die beste weergawe van jouself kan wees en om nooit jou moed te verloor

Ja, daar was goed én sleg maar ek sien uit na die nuwe pad wat voorlê…

Dankie aan elkeen wat dit saam met ons enduit gemaak het – ons het by elkeen iets geleer.

***Wat nou voorlê weet ons nie, maar wat ek wel weet is dat:***

* Ek beter skoene moet kry
* ‘n Groter rugsak
* Meer water en
* Soveel meer suurstof om ons nuwe roete aan te pak….

Reis veilig. Wees lief vir mekaar. Help mekaar. Droom saam. Lag saam. Maak tyd vir mekaar.

Mag die Here ons lei op die onbekende pad van 2026 en mag ons nooit vergeet van Sy Groot Genade nie….

Mag die laaste maand van 2025 net vol sonskyn en liefde wees en mag ons God en Vader altyd oor jou waak.

Mag 2026 gevul wees met die keur van Sy seëninge in jou lewe.

#1 network VIR JOU LEWE

# Junior Kersfees Vasvra



Erkenning: Algoa Gemeenskapskerk.

1.Wie was Jesus se ma gewees? (Maria)

2.Wie was Jesus se pa hier op aarde gewees? (Josef)

3.Wie is Jesus se regte Pappa? (God)

4.Wie het vir Maria vertel dat sy ‘n babatjie gaan hê? (‘n Engel)

5.Wat het die engel gesê moet Maria die babatjie noem? (Jesus)

6.Waar is Jesus gebore? (In ‘n stal)

7.Hoekom is Hy in ‘n stal gebore? (Daar was nie vir Hom ander plek gewees nie)

8.Vir wie het die engel die goeie nuus van Jesus wat gebore is vertel? (Skaapwagters)

9.Wat het die skaapwagters gedoen nadat hulle die goeie nuus gehoor het? (Gaan kyk)

10.Wie het vir Jesus van ‘n ver land af kom kuier? (Sterrekykers / Wyse manne)

11.Hoe het hulle geweet dat Hy gebore is? (Hulle het ‘n ster sien opkom)

12.Watter geskenk het hulle vir Hom gebring? (Goud, Wierook en Mirre)

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •DESEMBER 2025

#1 netwerk
VIR JOU LEWE

## KALENDER

7 DESEMBER EREDIENS 10 UUR

14 DESEMBER HUISKERK 9 UUR

21 DESEMBER HUISKERK 10 UUR

28 DESEMBER HUISKERK 9 UUR

## VREUGDE VAN KERSFEES

Here van liefde en lig,

Laat die vreugde van Kersdag nie eindig op 25 Desember nie,

maar elke dag van die jaar ons harte vul.

Seën ons saamwees –

familie, geliefdes en vriende –

dat ons kan lag, bly wees, en mekaar koester.

Gee ons die moed om te vergewe,

want vergifnis kos niks,

maar bring rykdom wat geen geskenk kan koop.

Herinner ons dat die lewe broos is,

dat ons vandag moet liefhê en waardeer,

sodat ons môre sonder verwyte kan sit.

Amen.

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • DESEMBER 2025

# Kontak Andre Harmzen



**Erediens Tye**
Ons Eredienste is elke 1ste en 3de Sondag van die maand om 10:00

**Adres:**
Alderbrookskool.
Blossomfield Road, Solihull, B91 1SN

**Dankoffers.**
**Vir £10 Text RSAG003 na 70191**
**Vir direkte inbetaling:**
SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265

PayPal
Scan. Pay. Go.

**Jy kan ook deur Paypal betaal by:**
Paypal.me/SAGemeente
Sit net 'n beskrywing in die nota sodat ons weet waarvoor dit is.
Sê ook vir watter wyk- Birmingham
**Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com met jou naam en wyk. (Birmingham)**

Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com

**Kontak ons:**
**Webblad:** noordwyk.sagemeente.com
**Facebook Blad:** SA Gemeente Middellande

# Kontak Helena



Helena Claassen
Epos: helena@sagemeente.com

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •DESEMBER 2025